Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 25 April 1951 Prys 3d. Nr. 21

# BRITTE HOOR AANGENAME DINGE VAN S.A. VERTEENWOORDIGER

**Dr. A. L. Geyer, die Unie se hoë kommissaris in Londen, het verlede week by 'n geleentheid gesê dat Brittanje en Suid-Afrika nie genoeg van mekaar af weet nie en dat hulle „veral in hierdie gevaarlike tye moet saamstaan." Met verwysing na die Unie se nywerheidsontwikkeling het hy gesê dat dit nie minder handel tussen Engeland en Suid-Afrika sal beteken nie. „Ek sien inteendeel uit na 'n steeds toenemende handel." Dr. Geyer het origens met lof gepraat van die Britse kapitaal en ondernemingsgees wat so 'n belangrike aandeel neem in die ontwikkeling van Suid-Afrika.**

Dr. Geyer was eens op 'n tyd hoofredakteur van 'n nasionale dagblad, en het voor sy aanstelling as hoë kommissaris in Londen dr. Malan in 1949 na die Londense Empire-konferensie vergesel waar dr. Malan sy republikeinse standpunt van voorheen, naamlik afskeiding van die Britse Ryk, afgelê het vir Britse vryheid binne die Statebond.

**Sedert sy aankoms in Londen het dr. Geyer al telkens aangename dinge vir die Britte gesê. Een daarvan was dat 'n republiek in Suid-Afrika nie praktiese politiek is nie en dat voorgenome Britse immigrant hulle gevolglik nie deur praatjies oor 'n republiek hoef te laat afskrik nie. Dit is opvallend dat Die Burger in die Sapa-Reuter-berig oor dr. Geyer se toespraak die gedeelte weggelaat het waarin hy na die „saamstaan" van die Unie en Brittanje verwys.** Die blad water ook die vertaling van die Reuter-berig in dr. Geyer se verwysing na toekomstige handel af. Die oorspronklike berig lui, **„I am looking forward to ever-increasing trade."** Die woorde „looking forward to" is veel sterker as die woordjie „verwag" wat Die Burger daarvoor gebruik. Die woordeboek se vertaling daarvoor lui:„(verlangend) uitsien na." Ons meen dat dit nodig is dat die volk 'n juiste blik kry op die gedaante-verandering wat daar by sekere leiers van die H.N.P. sedert die Londense Empire-konferensie twee jaar gelede plaasgevind het. **Dit is nie billik dat die volk deur verswygings en afwaterings van toesprake mislei word om te glo dat sy leiers nog 'n republikeinse rigting inslaan terwyl dit nie meer so is nie.**

## Herinneringe uit die Vryheidstryd (3)

# REPUBLIKEINSE IDEAAL HET VOLK GERED

**Dit was duidelik dat die volk in die begin nie die beginselgeskil wat genl. Hertzog se stelling: Suid-Afrika Eerste op die voorgrond gebring het, goed begryp het nie. Intussen het dit al meer 'n partytwis geword. Jy was òf 'n Hertzogman òf 'n Bothaman. Die partybegrip wat die nuwe stelsel met die Unie vir die Afrikaners in die noorde gebring het, het vaster geword. Dit het die werklike beginselgeskil oorskadu. Daar was nie die verwagte spontane ondersteuning vir die Hertzogbeleid wat ons verwag het nie. Onder hierdie toestand van onsekerheid en twyfel het die oorlogswolke in Europa vinnig begin saampak.**

By die uitbreking daarvan egter het by 'n aansienlike deel van die volk die hoop ontstaan dat dit 'n geleentheid vir die herwinning van die verlore onafhanklikheid gaan bied. Die minderheid het aan 'n opstand as die middel gedink en toe dit wel sover gekom het, was dit meer 'n feitlik ongewapende verset teen die deelname aan 'n Engelse oorlog in Europa as 'n besliste stryd vir die herstel van die Republieke. Die mense het enersyds hul magteloosheid diep gevoel en andersyds hulself aan die omstandighede van die nuwe staatsvorm maar onderwerp. **Daarby kom die bedroewende feit dat die partypolitieke stryd reeds die Afrikaners in twee kampe verdeeld gehad het. So sterk was die gevoelens reeds teen mekaar opgelaai dat helde uit die Vryheidsoorlog met voldoening en lus selfs die kakie-uniform aangetrek het en mede-republikeine in verset teen genl. Botha se imperialistiese beleid onder die koeëls gesteek het.** Helde wat saam en onder 'n Christiaan de Wet vir die Republieke geveg het, het nou met kanon en meksim hom agterna gesit en probeer plat skiet!

### REBELLIE IN KAAPLAND

Ek was destyds in Kaapland woonagtig waar die vryheidsdrang ondanks die ongelukkige verloop van die Vryheidsoorlog ook nog bestaan het. Ek het my gehaas om die wydverspreide mense waar dié ook al te vinde mag wees in die Middellandse Karoo in 'n kommando te probeer organiseer. Nie eens die helfte wat gewillig was om te veg het geweers gehad nie. Maar gedagtig aan die wyse waarop ons in die Vryheidsoorlog onsself aan wapens gehelp het deur dit bloot van die vyand te gaan afvat, het ek hulle tog aangesê om hul gereed te hou vir die opstand. Die enigste weg oop om voeling met ander rebellemagte te kry, was na die Noordweste waar genl. Maritz toe van Keimoes af met 'n inval in die rigting van Calvinia gedreig het. Teenoor hom het die regering troepe onder genl. Van de Venter op Calvinia saamgetrek en dit was my plan om hulle in die rug vanuit die suide aan te tas.

### EINDE

Nog onder al die gespartel en gesukkel om 'n taamlike sterk mag daarvoor in gereedheid te bring, begin die opstand oral in duie stort in die noorde en val Maritz terug op Suidwes. Ons moes weer wag en uiteindelik die pogings om in verbinding met ander te kom of dié met Maritz te handhaaf, opgee. Die rebellie het ineengestort. **Elfduisend Afrikaners het die tronke van Koning George tot oorlopens gevul. Veterane soos die onvergeetlike Christiaan de Wet, eens die skrik vir die Britse magte in S.A. het in die tronk opgesluit gesit met 'n lang en**

**Deur J. A. Smith**

swaar vonnis. Die aanvallige held Christiaan Beyers moes ons op die klein plaaskerkhoffie buite Wolmaransstad begrawe. En wie kan die leed, die smart van die manne daar om die graf van een van S.A. se grootste seuns beskryf?

### NIE VERLORE

Maar was die opstand in militêre sin 'n mislukking en oorwinning vir die Britse plan in Suid-Afrika, was dit nog nie 'n politieke oorwinning nie. **Die hunkering na die republiek het sterker geword en dieper wortels geskied.** Maar watter middel was daar oor? Die enigste was langs die weg van die politieke stryd die wyse en middel deur die Britse parlementêre stelsel aangegee en die het ook en veral nou inslag in die noordelike provinsies gekry.

**Die Botha-groep het steeds verder weggedryf van die republikeinse ideaal terwyl die Hertzog-groep dit sterker aangevoel het.**

Ons staan toe weer presies waar ons na ons nederlaag in die Vryheidsoorlog gestaan het onder 'n wolk van die Britse politieke rigting. Dit herinner 'n mens aan die kortstondige vreugde oor wat ons tog beskou het as 'n mylpaal op die weg tot ontplooide volkskrag soos ons dit gesien het in die eenwording van die vier state met Unie. En jy kom diep onder die indruk van wat gebeur het deur te lees hoe die volksdigter Totius in sy Trekkerswee daardie moment tipeer:

„Hy hoor die stap van die oorlogswees,
sy voete gedril vir die Uniefees!
Hy hoor 'n gesang van sy lippe weerklink,
As hy bly en verruk uit die feesbeker drink.
'n Hosanna gaan op uit die kindermond
en die skare juig saam in die vrolike stond."

**Dit was vervloë vreugde, verspilde kanse, oorlogswese gedril om in pas te marsjeer met Britse musiek.**

### ONTWAKING

Die rebellie teen Botha se imperialistiese partybeleid het egter 'n golf van nasionalisme oor Suid-Afrika laat ontstaan. Daar was verset soos in die geval van Beyers en Jopie Fourie tot die dood toe. Maar ook 'n ontwaking tot politieke heropbou. Die behoefte aan 'n organisasie wat nou langs die weg van politieke partymasjinerie moet optree, is sterker gevoel. **In Kaapland stig skrywer hiervan in die distrik Aberdeen en iemand in Somerset-Oos se distrik op dieselfde dag die eerste twee Nasionale Party-takke, 6 September 1915.** In Oktober vind die algemene verkiesing plaas en ons verower plaaslik die kiesafdeling Graaff-Reinet—Aberdeen en 26 ander setels in die Unie. **Die begin was klein, maar die beginners vasberade.**

### REDAKTEUR

Ek is kort daarna aangestel as redakteur van Het Westen, Potchefstroom, toe die enigste nasionaalgesinde blad in Transvaal wat egter gou gesterk is in die volkstryd teen Britsisme deur Ons Vaderland wat as hoofredakteur Harm Oost, neutvars uit die tronk weens sy deelname aan die verset, en dr. Johannes Grosskopf as assistent, ook uit Sy Majesteit se tronk, gekry het. In die Vrystaat het Die Volksblad as Nasionale orgaan verrys en De Burger in Kaapland kort daarna.

**„Is genl. Botha nog republikeins? Wil hy ook 'n republiek in Suid-Afrika hê?"** Met hierdie pertinente vraag op elke vergadering wat Tielman Roos, Chris van Veyeren en ek deur Wes-Transvaal op 'n politieke rondreis in 1916 hou, herhaal eersgenoemde die vraag uitdagend. Ek hou dit vol in my koerant. Die gemoedere het hooggeloop. Die Botha-Smuts-party is op die ververdediging gebring. **Hulle moes**

(Vervolg op bladsy 6 kol. 4.)

# Het S.A. 'n Beleid Oor Kommunisme?

**Mnr. F. C. Erasmus, minister van verdediging, het verlede Saterdag op 'n vergadering te Hopefield gesê dat dit nie die regering se beleid is dat die oorlog in Korea moet uitbrei nie. Die stryd moet tot Korea beperk bly, en solank Suid-Afrikaanse magte daar nodig is om die kommunisme in Asië te beveg, sal hulle daar bly.**

**Indien die oorlog tot Sjina uitbrei, sal die Suid-Afrikaanse magte in Korea teruggeroep word omdat die Unie geen nuwe oorlog begeer nie.**

Ons verwys ons lesers na die volgende beleidsverklaring van die eerste minister, dr. D. F. Malan, op 25 Januarie in die volksraad:

„(Daar is) geen begeerte om kommunisme met die wapen uit te roei nie. Dit is onmoontlik om dit te doen. Ek gaan verder en sê dat as die wapen ooit opgeneem mag word, dit nie sal wees omdat hierdie of daardie land kommunisties is nie. Ek wil van die veronderstelling uitgaan, en ek dink dit is korrek, dat elke land sy eie ideologie en sy eie regeringsvorm self moet kies, sonder inmenging van ander lande. As Rusland of Sjina of 'n ander land kommunisties wil wees, laat hulle dit dan wees. Dit is hul reg. **As die wapen ooit opgeneem word, sal dit nie teen kommunisme as 'n ideologie wees nie, maar teen agressiewe kommunisme alleen; en in sover as so 'n land deur sy agressie 'n gevaar word vir of inbreuk maak op die regte en vryhede van ander lande, dit is alleen in sover dat ons hom wil beveg."**

**Sjina is reeds tot agressor verklaar deur die V.V.O. en beantwoord dus aan dr. Malan se voorwaarde vir bevegting.** Ons minister van verdediging sê egter ons sal nie teen Sjina veg nie, maar ons troepe sal in Korea bly veg teen „kommunisme in Asië". **Wat presies is Suid-Afrika se beleid, en as ons nie weet nie, waarom vloei daar Suid-Afrikaanse b l o e d in Korea?**

# Waarsku Teen Hoër Pryse

**„Die tyd sal aanbreek dat die verhoogde pryse van voedsel nie deur iemand gedra sal word nie — wanneer die publiek sy verbruik sal inkort as gevolg van die hoë pryse",** het die onder-sekretaris van landbou, dr. M. S. du Toit, in Durban gesê toe hy die Suid-Afrikaanse P l u i m v e e-vereniging toegespreek het.

Hy het gesê dat wanneer daar hoër pryse gevra word vir noodsaaklike voedselprodukte omdat ander produkte soos wol hoë pryse in die buiteland behaal, die voedsel buite bereik van die algemene publiek geplaas sal word.

Die waarskuwing van dr. Du Toit behoort ter harte geneem te word, ook in kringe buite die boerdery-bedryf. Die neiging bestaan oral om die verhoogde lewenskoste eenvoudig op die verbruiker af te wentel — vir die grootste deel van die salaris- en loontrekker wat niemand onder hom het om sy laste op af te skuif nie. Dit is 'n baie menslike neiging, maar ook 'n baie gevaarlike, want die draagkrag van die mens is beperk — veral as dit nog ondermyn word deur deskundige agitators.

Dat die grondslag van prysverhogings in die algemeen verkeerd is, blyk al dadelik uit die feit dat die verskillende diwidende van maatskappye wat noodsaaklike ware produseer, jaarliks groter word, soos al voorheen in ons blad aangetoon.

Verantwoordelikheid vir politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word gedra deur N. G. S. van er Walt en W. R. Laubscher, albei an Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 25 APRIL 1951

# BODEMLOSE PUT

In 'n verklaring wat die Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag, dr. F. D. du Toit van Zyl, verlede week uitgereik het, lê hy die baie logiese stelling neer dat die Westerse moondhede in Korea nie teen kommunisme veg nie, maar toevallig teen kommuniste omdat laasgenoemde agressors is. Dr. Van Zyl het verder aangetoon hoe daar inderdaad ook nie teen agressie geveg word nie omdat Sjina tog ook tot agressor deur die V.V.O. verklaar is, maar MacArthur ontslaan is juis omdat hy ook stappe teen Sjina bepleit het. (Ons eie Minister van Verdediging het verlede week verklaar dat die Unie sy magte in Korea sal terugroep indien die oorlog tot Sjina uitbrei.) **„Wat maak Suid-Afrikaanse troepe dan in Korea?"** het dr. Van Zyl heel tereg gevra. Sedert bovermelde verklaring in Die O.B. verskyn het, het ook Die Burger in 'n buitelandse oorsig verklaar dat die toestand in Korea „by die dag gekker word." Die blad toon aan hoe die leiers van die Verenigde Volke se militêre magte die Kommuniste nou al moet uitdaag om 'n groot offensief van stapel te stuur omdat hierin die enigste metode lê om tot 'n mate met die agressors af te reken — hulle agtervolg, mag hulle op grond van politieke beleid nie doen nie. Waar dit die toestand is, spreek dit vanself dat die Kommuniste steeds die hef in die hand sal hou.

### MACARTHUR

Intussen het ook genl. MacArthur sy standpunt voor die Amerikaanse Kongres uiteengesit. **Dit is duidelik dat hy nie in terme van agressie dink nie, maar van bekamping van die kommunistiese bedreiging.** „Die kommunistiese bedreiging is wêreldwyd in omvang. Sy geslaagde vooruitgang in een gedeelte dreig om elke ander gedeelte te vernietig," is die generaal se stelling. Daarom beveel hy aan dat 'n vlootblokkade teen Sjina deurgevoer en dat die beperkinge op die nasionale Sjinese op Formosa opgehef moet word sodat hulle 'n bedreiging vir die Sjinese Kommuniste vanaf die suide kan word. Die generaal het verder die mening uitgespreek dat Sjina reeds al sy kragte in die Koreaanse stryd gewerp het en daar dus geen groter gevaar kan ontstaan deur hom in sy eie nes aan te val nie. Of genl. MacArthur reg is in sy oordeel sal wel van belang wees indien die V.V.O. besluit om sy advies te aanvaar en die oorlog tot Sjina uit te brei. **Maar verkeerd of reg, die huidige posisie kan nie gehandhaaf word nie. Die Weste en ook Suid-Afrika kan nie bekostig om kosbare lewens in hul duisendtalle op te offer in 'n stryd wat nêrens heen lei en per slot van sake ook geen beginsel raak nie. As agressie maar net bekamp word waar die skuldige klein is, maar deur die vingers gesien word waar die agressor groot is, is optrede selfs nie eens van soveel waarde dat dit die kommunistiese agressie elders in die wêreld kan afskrik of die moraal van bedreigde volkere kan verstewig nie. Dit word dan die mees nuttelose opoffering wat bedink kan word, en in daardie geval sal dit die plig van ons regering wees om geen verdere lewens in die bodemlose put van Korea te gooi nie.**

### BRITTANJE

Maar daar is 'n saak van veel groter belang vir die Unie. Die ontslag van MacArthur en die kleitrappery in Korea is regstreeks te wyte aan die Britse tweeslagtige beleid teenoor die kommunisme. **Brittanje was die eerste wat hom gehaas het om die hand van vriendskaplike erkenning uit te reik aan die kommunistiese rebelle-bewind in Peking.** Dit was Brittanje wat voortgegaan het om olie en ander oorlogsbenodigdhede aan Sjina te verskaf nadat Amerikaanse bloed al in Korea gevloei het. Dit is ook Brittanje wat 'n beleid teenoor anti-kommunistiese Spanje volg en op ander afdwing wat maak dat kommunistiese wortels alweer in daardie land begin indring. Dit is ook Brittanje wat saam met sy verdwaasde wapenbroer Frankryk nog steeds in die pad van Duitse herrysenis staan. Dit is Brittanje wat nog steeds kommunistiese elemente aan die boesem vasdruk in sy eie administrasie en oorlogsnywerhede. **Die gevalle Fuchs en Pontecorvo was maar net die simptome van 'n kwaad wat nog steeds geduld word, en nie die kwaad self wat verwyder is nie.**

Dit is Brittanje wat met halwe en oud-kommuniste in sy belangrike departemente van oorlog en verdediging sit. En so hopeloos word die Britse toestand in Amerika beskou dat in daardie land geglo word dat selfs al sou Churchill die bewind oorneem, daar geen noemenswaardige verandering in Brittanje se buitelandse beleid sal kom nie. **Trouens, dit is reeds van baie betroubare kant berig dat Churchill inderdaad self te vinde is vir 'n versoeningsbeleid teenoor Rusland.**

**Wanneer die Weste opgeskeep sit met so 'n lompe las, is dit heeltemal verstaanbaar dat daar in Korea nie voor- of agteruit gegaan kan word nie. Maar wat nie so verstaanbaar is nie is waarom 'n nasionale regering juis teenoor so 'n Brittanje en op so 'n tydstip die bande met die Brite Ryk hegter maak in plaas van losser. Besef ons regering waarheen Suid-Afrika kan tuimel wanneer hy ekonomies en militêr vasgekoppel word aan 'n land wie se instink vir selfbehoud so 'n laagtepunt bereik het?**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Pensioene vir Parlementslede*

Ek verneem dat verteenwoordigers van al die politieke partye wat in die parlement verteenwoordig word tans weer bedrywig is met die oog op die instelling van 'n pensioenskema vir parlementslede. Dit is nie die eerste keer dat pogings aangewend word om so 'n skema in werking te stel nie. Lede van vorige parlemente van die Unie het reeds heelwat aanvoorwerk in hierdie verband gedoen. Maar altyd tevergeefs. Ek weet nie of die pogings wat tans aangewend word met sukses bekroon sal word nie.

Daar word, in ieder geval, voorgestel dat lede minstens twaalf jaar lank parlementslid moes gewees het voordat hulle op pensioen sal kan aanspraak maak. En dan slegs as hulle nie meer lid van die parlement is nie.

Miskien mag ek oorgehaal word om toe te gee dat parlementslede maar vir hulle 'n pensioenfonds mag opbou. Maar dan moet hulle dit self opbou en nie verwag dat die belastingbetalers daartoe moet bydra nie. Ek hoop dat die minister van finansies oor hierdie punt met my saamstem. Die arme belastingbetaler gaan reeds gebuk onder die ondraaglike las van die stygende lewenskoste. En dit sou darem ironies wees as die mense wat hy na die parlement gestuur het om sy las vir hom te verlig — nie alleen geen verligting aanbring nie, maar boonop die las swaarder maak deur pensioene vir hulleself ook nog op sy skouers te laai.

Maar om heeltemal eerlik te wees moet ek beken dat ek nie daarvan hou dat parlementslede pensioene moet kry nie. Lidmaatskap van die parlement behoort deur die betrokke persoon beskou te word as 'n hoë roeping en nie as 'n beroep nie. En as 'n man pensioen kry na twaalf jaar se diens lyk dit darem al te veel asof hy 'n beroep beoefen het vir wins en nie 'n hoë roeping vervul het nie!

### *Is Strydom se Mond Gesnoer?*

Sedert die politieke medewerker van ons blad — in 'n artikel wat 'n paar weke gelede verskyn het — my aandag op die saak gevestig het, het ek ook in ander koerante gelees dat die Koukus van die Herenigde Nasionale Party opdrag gegee het aan sy lede om uit te skei met propaganda vir die republiek. Die feite skyn te wees dat, op aandrang van dr. D. F. Malan, H.N.P.-lede belet is om toesprake te hou waarin hulle pleit vir 'n republiek en waarin Suid-Afrika se uiteindelike uittrede uit die Britse Statebond in die vooruitsig gestel word. Dit beteken dat die republikeine in die H.N.P. stom gemaak is.

Ek het dadelik begin wonder wat mnr. J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in die Transvaal, se houding gaan wees. En ek het die koerante dopgehou vir Strydom-toesprake om uit te vind of mnr. Strydom gaan swyg of praat oor die republiek. Ek weet nie of ek sleg gekyk het nie, maar ek het vir 'n week-of-wat geen Strydom-toespraak in 'n koerant gesien nie. En toe sien ek 'n berig in Die Transvaler van 'n toespraak wat mnr. Strydom op Potchefstroom gelewer het. Dit is 'n goeie toets, het ek by myself gedink, want as daar een plek in die Transvaal is waar mnr. Strydom met reg verwag kan word om oor die republiek te praat dan is dit Potchefstroom. Ek het die toespraak, soos berig in Die Transvaler, noukeurig deurgelees. Mnr. Strydom het nie 'n woord oor die republiek gesê nie; hy het nie eers daarna verwys nie.

Dit mag bloot toevallig wees dat mnr. Strydom niks gesê het oor die republiek op Potchefstroom nie. En dit mag wees dat hy môre of aanstaande week 'n pragtige republikeinse toespraak op een of ander plek gaan afsteek. Hy mag dit doen. Maar mnr. Strydom sal my sekerlik nie kwalik neem nie as ek beken dat die suspisie by my opkom dat hy doelbewus geswyg het oor die republiek omdat sy mond gesnoer is deur dr. Malan en die partykoukus.

Ek sal voortgaan om die koerante dop te hou vir Strydomtoesprake en sodra mnr. Strydom oor die republiek praat sal ek dit in hierdie kolomme aankondig. Dit is 'n belofte.

### *Neurotiese Koeie*

Die meeste mense het al gewoond geraak daaraan dat geleerde mensekenners deesdae al meer en meer die psigo-analitiese metode gebruik om die menslike wangedrag te verklaar of te verskoon. Vir elke misdaad is daar 'n verklaring of 'n verskoning. Blykbaar het misdaad nou 'n krankheid geword; die misdadiger 'n pasiënt; en behoort tronke eintlik hospitale te wees.

As 'n man sy vrou en kinders mishandel dan is dit sy ouers se skuld. Want hulle het hom heel waarskynlik in sy kinderjare belet om sy speelgoed stukkend te breek en nou moet hy in sy grootmansjare sy vrou en kinders stukkend breek. Die dief wat steel soek glo maar net om 'n onderdrukte drang te bevredig. En so gaan dit aan.

Hierdie soort verskoningsoekery en goedpratery van kwaad en misdaad is erg genoeg wanneer dit ten aansien van mense toegepas word. Maar dit word warrempel ook nou na die dierewêreld uitgebrei. In Amerika is daar deesdae ook neurotiese koeie! Die geleerde koei-kenners verklaar dat elke trop beeste 'n koningin-koei het. En die kompetisie om koningin te wees is glo baie sterk onder die koeie. Dit gebeur dat die arme koeie wat uitsak in die kompetisie vreeslik sleg daaroor voel. Soveel so dat hulle dan neuroties word, en — dit is glo eintlik die belangrike punt — hulle melk begin opdroog! Nou weet die melkboere. Sodra die koeie begin opdroog moet hulle dadelik 'n nuwe skoonheidskompetisie in die koeistal begin organiseer.

### *Die Man Wat nie Sy Verjaardag Kan Vier Nie*

Ek het onlangs 'n berig in die koerante gelees waaroor ek nie kon lag nie. Die berig lui dat Maurice du Plessis, die eerste minister van Quebec, in die ongelukkige posisie verkeer dat hy nie sy verjaardag kan vier nie, want . . . hy verjaar op 20 April en soos die herrie dit wil hê, is 20 April Adolf Hitler se verjaardag.

Ek is miskien baie dom, maar ek kan nie verstaan wat Hitler se verjaardag te doen het met die viering van die Eerste Minister van Quebec se verjaardag nie. Al is die geboortedatums van die twee manne dieselfde dan verstaan ek nie wat die Eerste Minister belet om sy verjaardag te vier nie. Hitler kan hom tog nie belet om dit te doen nie — hy is lankal dood en begrawe.

Sou die Eerste Minister en die inwoners van Quebec se haat teen Hitler en die Duitse volk dan nog steeds so groot wees dat die Eerste Minister onwillig is om sy eie verjaardag te vier as dit toevallig saamval met Hitler se geboortedag? As dit die geval is dan beskou ek dit as betreurenswaardig. Die inwoners van Quebec, net soos alle ander deelhebbers aan die westerse beskawing, moet broederhaat uit hul harte verban. Dit is nou die tyd dat die Kanadese en die Duitsers — alle beskaafde volke — hulle sal verenig in hul haat teen die verskriklike kommunistiese bedreiging uit die Ooste. Wat sou daarmee verkeerd gewees het as die heer Du Plessis sy verjaardag gevier het en bv. by die geleentheid sou gesê het: „Adolf Hitler en ek het twee dinge met mekaar gemeen. Ons is op dieselfde datum gebore en net soos hy, is ek ook vasberade om die kommunistiese wêreldgevaar met al die mag tot my beskikking te beveg." Sou dit verkeerd gewees het? Ek glo nie. Sou die paar vriendelike woorde nie 'n soet druppel vir die Duitse volk gewees het nie? En sou dit nie goeie taktiek gewees het van 'n oorwinnaar wat graag die steun van sy verslane vyand vir 'n nuwe oorlog wil verkry nie? Dis darem hoog tyd dat die westerse oorwinnaars effe uit hul pad gaan om vriende te maak met die westerse verowerdes — want die twee moet in die komende oorlog bondgenote wees.

## Schuman-Plan Goedgekeur

Tegnici en diplomate het verlede week die Schuman-plan, waarvolgens die steenkool- en staalbedrywe van Wes-Europa verenig word, goedgekeur. Dit moet nou deur die onderskeie parlemente van die ses deelnemende lande, te wete Wes-Duitsland, Frankryk, Holland, België, Luxemberg en Italië, bekragtig word.

## Helpmekaar Se Adres

Die adres van die Helpmekaarvereniging van wie daar onlangs 'n oproep om fondse vir studiebeurse uitgegaan het, is Groote Kerkgebou 903, Kaapstad.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### WIE KAN HELP

**WIE KAN HELP.** Vriende in Die O.B. van 7 Maart het ek geadverteer vir finansiële hulp. Geen aanbod gekry. Vriende ek is eerlik. Het u hulp so dringend nodig. Vra 20 of 30 persone om my elk £10 vir termyn 10 jaar te leen. Kan 5 persent rente per jaar betaal. Sal rente elke jaar aanstuur. Asseblief!! Korporaal, Posbus 1411, Kaapstad. 25/4/1

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### TE KOOP

**Spinwiel** met stel nuwe kamme. — Doen aansoek by — **Kommandante A. M. Jeppe, Chamberlainstraat, 120, Woodstock.** 4/4/1B

**SWART AUSTRALORP KUIKENS,** waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen £6/10/- k.m.b. van E. BOTHA, Bus 1128, Bloemfontein. 31/1/17B

'n Uitrusting
Om Mee
Te Spog
VAN
Steyns
Parow

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:** DIE O.B. **veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blankes en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................*

*........................vir die eerste........................maande.*

*NAAM*..............................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*........................................................

.......................................................................

.......................................................................

...........................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Juweeltjies uit Hansard

**Dit kos die volk 'n hele boel geld om die parlement aan die gang te hou. Die koste kom neer op ongeveer £3 per woord wat daar gepraat word. Wat die volk voor betaal, is die volk geregtig om te geniet. Hieronder volg nog 'n paaiement uit Hansard:**

DIE MINISTER VAN VERVOER: Mnr. die Speaker, mag ek daarop wys dat agb. lede aan die anderkant van die Raad dikwels die Nasionale Party beskuldig het dat hy onder die beheer staan van Naziïsme . . .

MNR. LAWRENCE: Ek het dit nie gesê nie.

DIE MINISTER VAN VERVOER: . . . dat hy 'n pion is van Hitler, 'n uitdrukking wat die agb. lid vir Soutrivier (mnr. Lawrence) self gebruik het en ek meen dat dit nou enigsins kinderagtig is dat die agb. lid vir Soutrivier op hierdie stadium na wat hy in hierdie Raad gesê het en na wat toegelaat is in hierdie Raad 'n punt van orde opper.

MNR BARLOW: Mnr. die Speaker, mag ek op 'n punt van orde u daaraan herinner dat u drie dae gelede my uit orde gereël het omdat ek na twee agb. lede aan die anderkant as Nazis verwys het. Mag ek u daaraan herinner, meneer, dat daar altyd in hierdie Raad beslis is dat as die party aangeval word, dan beteken dit die party in die Parlement.

AGB. LEDE: O, Nee!

MNR. BARLOW: Mag ek u daaraan herinner, meneer, dat die agb. Minister van Vervoer dit netnou self gesê het. Hy het geargumenteer dat ons dit gedoen het. Wel, as ons dit gedoen het, maak twee verkeerdes nog nie een regte ding nie, en nou kritiseer die agb. lid die Speaker, omdat hy dit nie uit orde gereël het nie. Hy sleep nou die Speaker in, die hoogste waardigheidsbekleër in die land. As iemand 'n verklaring maak teen 'n party in hierdie Raad, beteken daardie party die mense wat in die Raad sit. Dit is herhaaldelik bepaal deur Speakers.

DIE SPEAKER: Ek dink dat die agb. Minister nie 'n toespraak moet hou waarin hy 'n refleksie werp op agb. lede nie.

DIE MINISTER VAN ARBEID: Die „Anglo-American Corporation" het selfs sover gegaan om 'n bestuurder van die Verenigde Party aan te stel.

MNR LAWRENCE: Mnr. die Speaker, ek vra vir u in alle billikheid of in bestaande omstandighede, ek 'n vraag mag stel aan die agb. Minister. Ek wil graag weet of ek deur u, mnr. die Speaker, mag vra dat die Minister daardie beskuldiging moet terugtrek.

MNR. W. C. DU PLESSIS: Watter beskuldiging?

MNR LAWRENCE: Dat die party 'n aanhangsel is van die „Anglo-American Corporation."

DIE SPEAKER: Ek glo nie dat dit terugtrekking vereis nie. Ek het slegs die Minister gewaarsku dat hy geen refleksie moet werp op enige lid van hierdie Raad nie. Die Speaker ken geen partye nie.

MNR. LAWRENCE: Mnr. die Speaker, as u my sal vergun — ek weet dat u dit sal doen — wil ek dit sê, dat ek dink dat dit duidelik is dat as 'n party of 'n groep aangeval word, dan word enige indiwidu wat vereenselwig kan word met daardie groep, as behorende tot die groep, ook aangeval. Dit is 'n stelling wat deur die howe neergelê is in die geval van B. K. Long teen „Die Burger."

DIE SPEAKER: Dit was nie in hierdie Raad nie.

MNR LAWRENCE: Ek beweer dat dit ook in hierdie Raad moet geld. Dit is vergeefs dat die agb. Minister sê dat hy die party aanval en derhalwe nie agb. lede van die Raad aanval nie. Ek word daarop gewys dat die hele basis van die parlementêre stelsel regering deur die party is, die regering deur die party en die opposisie deur die party. As daar derhalwe verwys word na 'n party, dan lyk dit vir my die onvermydelike gevolgtrekking dat die indiwiduele lede van die party daardeur geraak word en ek vra dat die agb. Minister dit moet terugtrek.

DIE SPEAKER: Mag ek daarop wys dat die Speaker geen partye ken nie. Hy ken alleen lede van die Raad en as daar 'n refleksie gewerp word op 'n lid sal dit die plig wees van die Speaker om die lid wat die refleksie maak te vra om dit terug te trek. Ek herhaal dat die Speaker geen partye ken nie.

MNR. ABRAHAM: Mnr. die Speaker, ek staan op op 'n punt van orde. Die agb. lid vir Hospitaal (mnr. Barlow) het gesê dat lede wat aan hierdie kant van die Raad sit 'n klomp leuenaars is.

DIE SPEAKER: Orde; Sal die agb. lid vir Hospitaal sê of hy daardie woorde gebruik het?

MNR. BARLOW: Nee, mnr. die Speaker, ek het die volgende gesê. U het aan my gevra om te herhaal wat ek gesê het en ek sal dit herhaal. Ons beweer dat as julle sê dat een van ons manne in die diens is van Oppenheimer, dan is julle 'n klomp leuenaars.

DIE SPEAKER: Die agb. lid moet dit terugtrek.

MNR BARLOW: Wat moet ek terugtrek?

'N AGB. LID: Dat ons 'n klomp leuenaars is.

DIE SPEAKER: Die agb. lid moet dit terugtrek.

MNR BARLOW: Moet ek terugtrek wat hulle gesê het?

AGB. LEDE: Jy het dit gesê.

MNR BARLOW: Het die agb. lid die reg om te sê dat mnr. Oppenheimer of sir Ernest Oppenheimer mense aanstel om oor my die baas te speel? Ek sê dat dit 'n leuen is.

DIE SPEAKER: Die agb. lid moet dit terugtrek.

MNR BARLOW: Mnr. die Speaker, sê vir my wat ek moet terugtrek.

DIE SPEAKER: Die woord „Leuenaars."

DIE MINISTER VAN JUSTISIE: Dat die lede aan hierdie kant leuenaars is.

DIE SPEAKER: Dat die lede aan Regeringskant leuenaars is. Sal die agb. lid dit terugtrek.

MNR. BARLOW: Ek het dit nie gesê nie.

AGB. LEDE: Jy het.

MNR BARLOW: Ek het gesê dat as agb. lede sekere dinge gesê het, dan sê ek dat hulle . . .

DIE SPEAKER: Orde! Dit is baie moeilik vir my om te hoor.

MNR LAWRENCE: Mnr. die Speaker, ek het verstaan dat die agb. l'd vir Hospitaal hierdie opmerking gemaak het dat as agb. lede . . .

AGB. LEDE: Nee, nee.

DIE SPEAKER: Sal die agb. Minister aangaan?

DIE MINISTER VAN ARBEID: Mnr. die Speaker, hierdie tussenspel het vir my 'n kans gegee om weer asem te skep. Ek het gesê dat die „Anglo American Corporation" 'n bestuurder van die Verenigde Party aangestel het.

MNR LAWRENCE: Dit is nie waar nie.

DIE MINISTER VAN ARBEID: Ek praat van die aanstelling van dr. Van Biljon en volgens die verklaring van agb. lede aan daardie kant van die Raad toe die aanstelling oorspronklik gemaak is, is dr. Van Biljon aangestel as bestuurder van die Verenigde Party. Nou sê ek in die verbygaan . . .

'N AGB. LID: Dit is nie waar nie.

DIE MINISTER VAN ARBEID: . . . dat ek sien dat die „Anglo-American Corporation" ook 'n pos aangebied het aan mnr. Marshall Clark. Ek wil graag vandag voorspel dat mnr. Marshall Clark binnekort medebestuurder van die Verenigde Party sal wees.

DIE SPEAKER: Die agb. Minister moet terugkeer na die wetsontwerp.

## Skotte Gee Klip Terug

Die kroningsklip wat op Kersdag uit Westminster-abdy deur lede van 'n Skotse vryheidsbeweging verwyder is, is verlede week aan 'n ou Skotse abdy uitgelewer waar Britse polisie beslag daarop gelê het. Daar word van Skotse kant nog gehoop op 'n kompromis oor die plek waar die klip voortaan gehou sal word.

Die Britse departement van justisie het aangekondig dat geen stappe teen die oortreders gedoen sal word nie — uit vrees dat dit die Skotse nasionalisme sal aanwakker.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Hulp Aan Afrikaanse Jeug

**„Leser", Knysna, skryf:**

Ek sien die ander Afrikaanse koerante, veral Die Burger, moedig hulle lesers aan om die skoolkonsert van die Afrikaanse kinders van Kenia heelhartig te ondersteun. Langs hierdie weg wil ek mede-O.B.-lesers vra: Ondersteun ons mede-Afrikaner van Kenia; hulle het ons hulp so nodig. Die geld gaan vir die bou van 'n Afrikaanse skool aldaar.

En verder, wat betref die oproepe vir hulp aan die Helpmekaar-vereniging wat u in ons blad ook van gemeld het, plaas tog vir ons asseblief ook die volle adres van die Helpmekaar. Ek wil graag ook iets stuur en wil graag meedeel dat ek die bedraggie stuur as gevolg van die oproep in Die O.B. Ander lesers wil ek ook vra om tog die Helpmekaar te ondersteun; ons is dit aan ons nageslag verskuldig om ons behoeftige studente te help. Kom Aan!!

# HOE O.B. STAAN TEENOOR SAMESMELTING

**Daar is 'n klompie feite in verband met die moontlike samesmelting tussen die H.N.P. en A.P. en die betekenis van sodanige samesmelting vir die Ossewabrandwag wat ek duidelikheidshalwe hier wil aanstip. Ek doen dit na aanleiding van verskeie versoeke van lesers dat ek 'n politieke oorsig aan hierdie onderwerp moet wy. Ek gaan die feite puntsgewys behandel:**

**Indien daar 'n samesmelting gaan plaasvind sal dit 'n samesmelting tussen politieke partye wees, wat hoegenaamd niks te make sal hê met die nie-partypolitieke Ossewabrandwag nie.** Mnr. J. A. Smith, die onderleier van die O.B., het dit verlede week in Kaapstad weereens baie duidelik gestel, toe hy gesê het: „Ek wil net weer beklemtoon dat die samesmelting van die twee partye — een waaraan ook O.B.-lede behoort — nie die funksie van die O.B. in die minste belangrik of minder noodsaaklik maak nie; ook nie die taak van die O.B. kan vervang nie; nog minder sy voortbestaan verkort, vertydelik of beëindig nie."

Daar kan derhalwe geen misverstand oor die beginsel wees nie: **die Ossewabrandwag gaan onverstoord voort om sy taak te verrig — ongeag van samesmeltings of skeurings wat op die partypolitieke front mag plaasvind.**

## *Liewer Eenheid*

**Dit is begryplik dat die Ossewabrandwag vanselfsprekend verkies dat op die nasionaalgesindes se partypolitieke front daar liewer samesmelting (d.i. groter eenheid) sal plaasvind as dat daar skeuring (d.i. groter verdeeldheid) bewerkstellig sal word.**

In hierdie verband het dr. J. F. J. van Rensburg, die leier van die O.B., op Bloemfontein verklaar: „Laat my net op hierdie plek, terwyl ek van die partye praat, sê dat luidens persgerigte en voorspellings daar sterk moontlikheid bestaan dat die samewerking tussen die twee nasionaalgesinde partye in die nabye toekoms kan verstewig word tot eenwording. **Die Ossewabrandwag wat steeds vir die samesnoering van Afrikanerkragte gestaan het en steeds daarvoor te vinde was, sal met blydskap ook hierdie samesnoering begroet.** Ons skep geen behae daarin om Afrikaners vanmekaar te hou nie; ons skep behae daarin om hul bymekaar te bring in enige eenheid waarin elke blanke Afrikaner, afgesien van taal of afkoms, verwelkom word solank hy net een vaderland erken en dit hierdie land, Suid-Afrika. En juis omdat die konstitusies van die twee partye waarvan ek melding gemaak het vir geen republikein prinsipieel geslote behoort te wees nie, sien ons met destemeer verwagting uit na eenwording met onderlinge erkenning en respek."

## *Posisie Herstel*

En in dieselfde verband het mnr. J. A. Smith, die onderleier van die O.B. op Bellville verklaar: „Die eerste is die vooruitsig wat bestaan dat eindelik die vyandskap tussen nasionale Afrikaners teen die end van hierdie jaar formeel uitgeskakel mag word. Ek sinspeel op die verwagte eenwording van die H.N.P. en die A.P. wat sal uitloop op die stigting van 'n nuwe party waarby lede van die O.B. as oud-lede van die O.B. as oud-lede van die A.P. ook sal mag aansluit. **Indien dit gebeur — en ek hoop van ganser harte dat die partyleiers dit sal bewerkstellig —** sal die posisie wat voor die skeuring in 1941 geheers het, herstel word. **Dan sal daar weer een nasionale politieke party wees naas die volksbeweging en die twee organisasies sal nie mekaar vyandiggesind kan wees nie.** Wanneer hierdie situasie ontstaan sal die O.B. dit verwelkom en benut deur die vriendelikgeworde nasionale party by verkiesings te ondersteun net soos hy in die jare voor die skeuring van 1941 ook gedoen het. Voorts, sal die O.B. gebruik maak van die staking van vyandelikhede om met hernude kragte die middelpunt van krag in die Afrikanervolk te organiseer wat die republikeinse koers van ons volk moet dra, verteenwoordig en voorlig, tot steun van die volk se partyfront."

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR WAARNEMER**

## *Verwagtings*

Uit die verklarings van die twee leiers blyk dit derhalwe baie duidelik dat die Ossewabrandwag nie alleen die moontlike samesmelting tussen die H.N.P. en die A.P. sal verwelkom nie, maar dat hulle ook verwag dat dit vir O.B.-lede moontlik gemaak sal word en dat hulle uitgenooi sal word om by die nuwe party aan te sluit.

Dit is baie belangrik om te let op die bereidwilligheid van die O.B.-leiers om die nasionaalgesinde politieke partye te ondersteun by verkiesings sodat die nasionaalgesinde Afrikanerdom parlementêre mag kan bekom. **Hierdie bereidwilligheid spruit voort uit die verwagtings — nie alleen van die O.B.-leiers nie, maar van sowel die O.B.-lede as die partylede — dat die partyleiers hul parlementêre mag sal gebruik om die Afrikanervolk se ideale te verwesenlik en nie om dit af te water nie.**

Die proses van afwatering van Afrikanerideale wat vandag aan die gang is kan hopelik gestuit word deur die stigting van 'n nuwe nasionale party, waarby beginselvaste Afrikaners, wat geanker bly in die O.B., ook mag aansluit.

## *Eensydig*

Hoewel die leiers van die O.B. in die openbaar kennis geneem het van die moontlike samesmelting van die partye, het die partyleiers, tot dusver, nog hoegenaamd geen notisie geneem van die O.B.-leiers se welwillende aanmerkings oor hul voornemens nie.

Trouens dit moet onthou word dat toe die H.N.P. en die A.P. die huidige saamwerkooreenkoms gesluit het, het die H.N.P.-leiers die hele A.P. in die sif van diskriminasie gegooi; vir die doeleindes van samewerking het hulle al die O.B.-lede uit die A.P. gesif; en toe eenvoudig met die oorgeblewe nie-O.B.-lede van die A.P. saamgewerk. **Vandag handhaaf die H.N.P. nog steeds hierdie sifting ten opsigte van samewerking met mede-Afrikaners.** Die H.N.P. weier nog om saam te werk met lede van die O.B.; trouens die party se vyandskap teen die O.B. duur voort — tot selfs by die ope graf van wyle kaptein Henri Slegtkamp.

**Oor sy toekomstige houding ten aansien van die Ossewabrandwag het die H.N.P. nog geen aanduiding gegee nie.**

## *Redes vir Aansluiting*

Om uit te vind onder watter omstandighede O.B.-lede dit moontlik mag vind om by 'n politieke party aan te sluit kan nagegaan word waarom sommige O.B.-lede bereid was om by die A.P. aan te sluit.

Die leier van die A.P. mnr. N. C. Havenga, het O.B.-lede in sy lyfblad — Die Vaderland — uitgenooi om by die party aan te sluit met behoud van hul nie-partypolitieke identiteit. **O.B.-lede het derhalwe gevoel dat hulle by die A.P. kan aansluit sonder dat hulle daardeur enigsins afbreuk doen aan hul lidmaatskap van en hul stryd in die Ossewabrandwag.**

Hoewel die H.N.P. se konstitusie 'n klousule bevat wat bepaal dat niemand lid van die party mag word as hy lid is van „'n organisasie met 'n politieke strekking" nie, het die A.P. se konstitusie nie hierdie klousule bevat wat O.B.-lede uitsluit nie. En in die aangesig van die H.N.P. se diskriminasie teen O.B.-lede — selfs in die A.P. — het mnr. Havenga duidelik verklaar dat die A.P. nie teen O.B.-lede diskrimineer nie en dat hy in sy party net gelykwaardige lede ken. In die lig van hierdie vriendskaplike gesindheid — wat deur die H.N.P. se vyandiggesindheid beklemtoon is — het O.B.-lede gevoel dat hulle by die A.P. se voordeur kan instap en net soveel invloed en seggenskap in die party kan uitoefen soos enige ander lid.

## *Republiek*

Van baie groot belang vir O.B.-lede wat oorweeg het om by die A.P. aan te sluit was die beleid van die party soos neergelê in sy program van beginsels dat „die republikeinse staatsvorm afgeskei van die Britse kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk." **Ek neem vandag nog aan dat hierdie bepaling die A.P. belet om die eerste minister se ideaal van 'n republiek binne die Britse statebond en wat die Britse konneksie handhaaf, te aanvaar.**

**Ek wil aanneem dat as die nuwe samesmeltingsparty dergelike of soortgelyke waarborge aan die O.B.-lede gee, daar baie O.B.-lede sal wees wat by die nuwe party sal aansluit. En ek wil aanvoer dat die toevoeging van beginselvaste O.B.-lede, wat geanker bly in die koersvaste Ossewabrandwag, van onskatbare waarde vir die nuwe party sal wees.**

# SONS OF S.A. STEL JINGO'S AAN KAAK

**„Steeds meer Suid-Afrikaners begin deur die konkelary van gevestigde belange, die huigelary van die Engelse pers en die verraad van die liberaliste, en verder as party-lidmaatskap te sien na waar hul pligte en verantwoordelikhede lê. Hulle besef dat Suid-Afrika nie net hul eerste patriotisme verdien nie, maar dit dringend nodig het," lui 'n uiteensetting van die Sons of South Africa se beleid in White Africa.**

Nadat die skrywer van die artikel te velde getrek het teen die liberalistiese kleurbeleid, slaan hy teen die „verraderlike bedrywighede" van die baie organisasies wat die ware aard van hul bedrywighede verberg agter 'n rookskerm van liberalisme, en ammunisie verskaf aan Suid-Afrika se vyande in die buiteland. Hulle is die „Russiese kolonne", **„maar hierby kom nog die Engelse jingo- en Joodse jingo-groepe wat so besig is met hul eie nasionale aspirasies dat hulle weier om op te gaan in en hulself te vereenselwig met enige vorm van Suid-Afrikaanse nasionalisme."**

**SELF ERG NASIONAAL**

„Vir hierdie groepe het die liberalistiese gebou 'n gerieflike uitweg geword van waar uit hulle Suid-Afrikaanse nasionalisme kan belemmer en ondermyn terwille van hul eie nasionale oogmerke.

**„Hulle is oordrewe trots op hul eie rasse en volke en tog wil hulle die Suid-Afrikaners hul fundamentele reg om Suid-Afrikaners in Suid-Afrika te wees, ontsê.**

Ten einde hul eie anti-Suid-Afrikanisme te verberg, verwerp hulle alle Suid-Afrikaanse nasionalisme as rassehaat, nazisme, fascisme en anti-semitisme. Dog hierdie uitdrukkings, hoewel dit uitstekende propaganda-waarde besit, is maar skerm-uitdrukkings wat in hul algemeenheid niks beskryf nie . . . .

**„Hulle is net vir een rede liberaliste en dit is omdat hulle hulself nie kan en wil vereenselwig met die Suid-Afrikaanse volk nie.** „Ons moenie vergeet nie dat liberalistiese beleide wat Suid-Afrika gedenasionaliseer en kosmopolities sal hou, hierdie groepe sal help om oorheersende posisies in Suid-Afrika te beklee sonder enige bedreiging vir hul eie rasse en volke. **Dit is die hoofrede vir hul liberalisme, en nie hul voorgegewe godsdienstigheid, onselfsugtigheid en geregtigheid nie."**

# Bevolking van Wêreld Neem Snel Toe

Die bevolking van die wêreld het in die afgelope geslag met 544,000,000 toegeneem, blykens 'n verslag van die bevolkingsdeskundiges van die V.V.O.

Tussen die jare 1929 en 1939 —feitlik 'n geslag—het die bevolking van die wêreld toegeneem van 1,834,000,000 na 2,378,000,000 wat 'n gemiddelde vermeerdering van sowat een persent per jaar beteken.

Die verslag bevat onder andere die bevolkings van die verskillende lande, immigrasie en belangrike statistieke wat betrekking het op elke land en geografiese eenheid in die wêreld waarvoor besonderhede beskikbaar is.

**Indien die aanwas van die wêreld se bevolking teen hierdie tempo voortgaan, sal die wêreld oor 100 jaar twee keer soveel mense moet huisves as wat tans die geval is, meen die deskundiges.**

# Osslag Vir Hom Maar 'n Ligte Werkie

**Hoe lank neem dit 'n man om 'n bees te slag? George Burns, slagter by die hamfabriek op Estcourt, Natal, het 'n os wat 684 pond geweeg het afgeslag, oopgesny en aan stukke gekap in die rekord tyd van 9 minute 21 sekondes. Dit is 'n rekord vir Afrika. Tweehonderd mense het die blitsvinnige werk aanskou tydens die boeredag wat by die fabriek gehou is.**

**Burns is twee jaar werksaam by die fabriek en doen slagwerk al vir 22 jaar. Hy is die 11de geslag van sy familie wat hierdie werk doen. Hy kom uit Engeland.**

(Vervolg van bladsy 3 kol. 3.)

**(2) Langs die wetgewende liggame wat deur die volk gekies word, staan die hoogste uitvoerende gesag van die staat: die President wat ook deur die volk gekies word en nie van die wetgewers vir sy posisie afhanklik is nie.**

(3) 'n Vaste prosedure vir die wysiging van die grondwet, deur die medewerking van die onderskeie onafhanklike staatsorgane, word daargestel, sodat die lot van die grondwet nie van 'n toevallige meerderheid afhanklik is nie.

**Maar dan moet ons van ons huidige stelsel ontslae raak. Vir 'n Engeland met sy eensoortige bevolking is dit miskien nie die beste nie. Vir die Unie met sy veelsoortige bevolking is dit, miskien letterlik sowel as figuurlik, die dood.**

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

